335 : 1-4
219 : 1,2,4
256 : 1,2,3.

# Met Ontsluierde Gesig

Genadendal
3 Jan. 1954.

Skriflesing:
① Exodus 34 : 1-2, 27-31
② 2 Kor 3 : 12-18.

Teks: 2 Kor. 3:18

Inl: Watter mens is daar wat nie graag na iets moois of interessants wil kyk nie? In die opsig almal dieselfde. Vb. Berlyn: diensspel bv Kersfees-tone v. mense in winkel. Parys: poppespel – net sulke tone. // Druk mr. aan koerant, weekblad: Kyk eerste na prentjies.

Gevaar: so die sienlike, die tasbare, die verbygaande wil sien dat ons d. Onsienlike, die Ontasbare, die Ewige nie meer raakkyk nie, heeltemal blind is daarvoor.

Mr. is dit dan nodig om na sulke dinge te kyk? Antw.: Aan d. begin van nuwe jaar wil ons ook iets sien – wil weet wat voor ons lewe, wat na ons toe gaan, wat ons wag. Ons lewe kan nooit so gelukkig & vrugbaar & geseënd wees as ons nie eers 'n aangesig gekry het nie. – En dd. aangesig wil God ons gee

I Die Aangesig Voorgehou: Ons teks gee ons dit baie duidelik: „Die heerlikhd v.d. Here" (2 Kor 3:18a). Waar sien ons hd. heerlikhd v.d. Here?

Baie mense meen: ① hd. heerlikhd v.d Here net aan Bybelse tye aan mense gegee Jakob – Moses – Elia hoogs ② net paar heiliges, uitverkorenes, bevoorregtes wat deur groot opoffering & lang afsondering hd. voorreg belewe (Vb. Kluisenaars ens.).

In werklikhd: nog vdag nog die voorreg van elke mens wat dit opreg verlang & soek; baie keer juis d. eenvoudiges van hart, die needriges v gees wat hd. heerlikhd v.d. Here

sien + aanskou (erken); baiekeer d. dwases uit eë v.d. wêreld, mr. deur God as wyses uitkies, wat hd. vergesig kry + behou (en) omdat hulle God neem op sy woord as Hy sê: "Soek, en jy sal vind".

a) Natuur: in d. eenvoudigste blom, in die opgang v.d. son, die wit v.d. wolke, sien ons iets v.d. heerlikhd v.d. Here – sy skeppende skoonhd. // Wan iemand wat gedagteloos, onverskilliglik, nalatiglik 'n berg aan brand steek vernietig nie alleen Gods handewerk – wys net dat Hy nog nooit d. heerlikhd v. God gesien het of wou sien!

b) Gesk: Dink net langs watter wonderl. weë – Sien gemeenskap net Gods sy deel – lei God die mense + volkere! Veral in + deur dd. gesk. kan ons iets v.d. heerlikhd v God sien – sy ewige raadsplan, sy wond. wysheid! Dat God selfs d. sonde v.d. mens gebruik om hom af deur te sien! (Vb. W.O. II – uitwerking op kerklike lewe, denke, getuienis in Europa – veral Holland + Duitsland)

c) Daagl. Lewe: In so baie dinge kan ons iets v.d. heerlikhd v God sien – as ons eë oop is d.voor: in d. glimlag van 'n suigeling, die offerdaad van 'n arme, d. heldemoed van 'n sieke (Vb. Matrikul. dogter – polio – 1e klas).

d) Gods Gemeente: Hier soos nêrens anders waar d. heerlikhd v God gesien kan word! Want in elke gemeente waar d. naam v God aangeroep word, kan daar iets teevoorskyn v.d. heerlikhd v.d. Here – van sy glans, sy waarhd, sy verlossing, sy barmhartighd, sy liefde

~~(?) soos God~~



## II Die Verhindering v.d. Gesig:

Mr. vra u, waarom is dit dan dat d. heerlikhd v.d. Here vir my, vir ons verborge bly? Waarom sien ons daar so min van in ons eie lewens, in ons eie gemeente, ons omgewing, ons land?

Baie redes – noem net die 3 vernaamstes:

① Oog op ander dinge as op Xtus: Ons is bv. heeldag net besig met onsself: my belange, my gevoelens, my opvattinge, my besigheid, my mense. Of: ons is heeldag net besig met ander mense: wat hulle sê, hoe hulle aantrek, watter nuwe dinge hulle gekoop het, wie hulle vriende is ens. Mr. ons blik + ons gedagtes gaan nooit (of selde / nie genoeg) na Xtus: wie Hy is, wat Hy wil gee, hoe Hy lyk ens... En ons vergeet:

solank mens na jouself kyk – ontmoedig
" " " ander " – verdeeld (van die een dag ander)
eers afkeer " " Xtus " – kom daar kans + krag.

② Kyk met sluier voor gesig: Teks: "En terwyl ons almal met onbedekte gesig"... Die oomblik wat ons iets verkeerds doen – sluier voor gesig. Niemand weet miskien daarvan: niem. behalwe God + myself – mr. dd. sluier neem d. gesig v Gods heerlikhd weg!

a) Israeliete + sluier v. wettiese lewe: (2 Kor 13) Valse idee: verlossing verkry deur my eie dade, my verdienste, my goeie werk! Tpv. alles oorgee, vertrou, glo dat ons uit genade gered word deur d. geloof.

b) Onreinheid v gedagte: > Onreinhd v wd > onreinhd v daad Matt 5:8 – "Salig is die wat rein v hart is, want hulle sal God sien"!

c) Ongeloof: Hebr. 11: 13/27} Ons lees hier dat Moses genoem word as een v.d. helde v.d. geloof. Waarom? Omdat hy baie talente gehad het? Omdat hy in 'n Koning se paleis geleef het? Nee: maar omdat „hy volgehou het soos een wat d. Onsienlike sien". Sy geloof hom gered.

– Sagaria: God verskyn – kon eenvoudig nie glo!
Ons moeilik: God wys sy heerlikhd – ons blind!

③ Kyk – maar nie lank genoeg:

Baie keer kyk ons – soek d. aangesig v God – wag dat d. Here aan ons moet verskyn maar as dit nie dadelik kom: moeg, ontevrede (5 dwase maagde).

Elke mense moet na sy werk tyd v stilte hê – afsondering: waar hy sy oë vestig op aangesig v God (soos Moses in woestyn – 40 dae + 40 nagte) totdat ....!

– Vb. Klein seuntjie: „Ek wil net na ~~Ma~~ Vader kyk".



III Die Verandering deur d. Vergesig: „En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld"!

Hier het ons d. einddoel van dit alles: hoe meer ons as Xtene ons oë vestig op God in Xtus – ook in d. nuwe jaar – hoe meer word ons aan Hom gelyk (gaan aan & hou nooit op). In 1 Joh. 3:2 skrywe Joh. ook aan d. gemeente v sê: „Geliefdes, nou is ons kinders v God en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is".

Die Bybel is dus baie duidelik op die punt:

① Reeds in die lewe word ons innerlik en uiterlik al meer verander na d. beeld v God as ons met onbedekte gesig d. heerlikhd v God soek

Vb: a) Moses Exod. 34
b) Xtus: Berg v Verheerliking
c) Xtene wat naby God lewe (vb. 2 mense wat mekaar bemin).

② Daar kom 'n dag dat hd. lang proses van verandering oorgaan in volmaking (1 Joh. 3:2).

1 Kor. 13:12 – „Nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag v. aangesig tot aangesig"

Slot: Op wie is u oog gerig in Nuwe Jaar?

„Die oog gevestig op Jesus, die Leidsman v Voleinder v.d. Geloof"